

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/01/21		DATUM 2019/01/18		+ - WEEK GELEDE 2019/01/14		+ - MAAND GELEDE 2018/12/24		+ - JAAR GELEDE 2018/01/22	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	62.61	0.75	1.2%	61.86	3.2%	60.65	15.4%	54.24	-9.0%	68.81
US\$: ? ZAR	13.83	0.100	0.7%	13.73	-0.5%	13.90	-4.8%	14.53	14.6%	12.07
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 077.65	24	1.2%	R 2 053.98	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 630.26	19	0.7%	R 2 611.25	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 657.85	34	0.7%	R 4 624.17	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Mar '19	381.60	1.60	0.4%	380.00	1%	378.20	1%	378.50	8%	352.00
Koring Mar '19	517.60	0.00	0.0%	517.60	0%	519.40	1%	514.00	23%	422.00
Sojabone Mar '19	916.60	0.00	0.0%	916.60	3%	890.75	4%	884.00	-6%	977.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Mar '19	3750.00	0	0.0%	3750.00	0.0%	3750.00	0.0%	3750.00	31.6%	2850.00
WMAZ Spot	3249.00	-1	0.0%	3250.00	8.4%	2997.00	5.0%	3095.00	70.8%	1902.00
WMAZ Jul '19	3385.00	59	1.8%	3326.00	7.9%	3136.00	3.9%	3259.00	66.3%	2036.00
YMAZ Spot	2818.00	10	0.4%	2808.00	2.6%	2747.00	1.1%	2788.00	44.1%	1955.00
YMAZ Jul '19	2832.00	4	0.1%	2828.00	2.4%	2766.00	-0.8%	2855.00	39.5%	2030.00
SOY Spot	4859.00	41	0.9%	4818.00	2.7%	4730.00	-2.2%	4970.00	7.6%	4515.00
SOY Mei '19	5020.00	17	0.3%	5003.00	2.4%	4901.00	-3.2%	5188.00	8.9%	4610.00
SUN Spot	5850.00	46	0.8%	5804.00	3.6%	5647.00	3.0%	5680.00	22.2%	4789.00
SUN Mei '19	5737.00	55	1.0%	5682.00	5.1%	5461.00	8.6%	5284.00	22.2%	4695.00
WHEAT Spot	4410.00	31	0.7%	4379.00	-0.5%	4430.00	0.2%	4400.00	18.0%	3737.00
WHEAT Mar '19	4470.00	40	0.9%	4430.00	-0.3%	4483.00	-1.0%	4513.00	18.5%	3771.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/01/18	Bron: Oilworld			2019/01/11	2017/11/13	2016/12/12			
Soya-oil, Arg.	657	3.5%	635	-15%	769	-3%	676			
Soya-pell, Arg.	331	-2.1%	338	-2%	339	-10%	368			
Soybean, USA	371	-3.6%	385	-10%	410	-10%	410			
USA Runner 40/50	1225	-3.9%	1275	-23%	1600	-6%	1300			
Sun-oil, Arg.	623	1.3%	615	-17%	755	-22%	800			
Sun-oil, Black Sea	648	0.9%	642	-14%	750	-14%	750			
Sunseed,Black Sea	348	0.9%	345	-13%	400	-15%	409			
Rapeseed, EU cif	424	-0.5%	426	0%	425	6%	399			
Palmk oil Mal, EU	785	0.0%	785	-47%	1470	-24%	1037			
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Sojabone: In die internasionale sojaboonmark is die groot fokus in die mark tans meer op die verbruik kant as op die produksie kant aangesien daar groot sojaboon voorrade in die wêreld beskikbaar is. Die gekombineerde sojaboon uitvoere vanaf die 5 grootste uitvoerlande na China toe was 37% laer gedurende September tot Desember 2018. Daar was 'n groter vraag na sojabone in lande soos die EU, Meksiko, Pakistan en Argentinië, maar dit was nie genoeg om die laer uitvoere na China toe op te maak nie. Die internasionale sojaboonpryse is reeds vir die afgelope 4 weke onder druk. Dit was teen die aanvanklike verwagtinge aangesien die produksietoestande in die Suid Amerikaanse lande nie optimaal is nie. In Brasilië was daar reeds groot verliese wat vir die seisoen gerapporteer is as gevolg van droë toestande. Vroeër hierdie seisoen was die verwagtinge dat die Brasiliaanse produksie vir die seisoen nuwe rekord vlakke sal bereik, maar met die weer wat al hoe meer ongunstig geraak het is die Brasiliaanse produksieverwagtinge vir die seisoen aansienlik laer as wat vroeër gerapporteer was. In Argentinië het oormaat reën vloed veroorsaak wat skade aan die Argentynse sojaboon produksieverwagtinge vir die seisoen veroorsaak het. Alhoewel daar tans onsekerhede is rakende die presiese hoeveelheid hektare beskadig word, word die Argentynse produksie vir die seisoen steeds tussen 50 en 53 miljoen ton vir die seisoen geskat. Dit is aansienlik meer as die vorige seisoen se 35 miljoen wat geproduseer was. Die laer produksie wat in Suid Amerika verwag word vir die seisoen is egter nie van so aard dat die 'n noemenswaardige impak op die wêreld vraag en aanbod situasie sal hê. Dit is volgens die huidige vooruitsigte en die skerp afname in die Chinese invoere wat veral die Amerikaanse voorrade laat verhoog het. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel. Die mark het aanvanklik die week onder druk gekom, maar het later die week weer ondersteuning gevind om byna onveranderd tot effens hoër af te sluit vir die week.</p> <p>Sonneblomsaad: Die verwagting vir die seisoen is dat Turkye se sonneblomsaad invoere ongeveer 800 000 ton behoort te bereik hierdie seisoen wat die hoogste jaarlikse invoere sal wees sedert die 2011/12 seisoen. Alhoewel die vraag na sonneblomsaad in Turkye sterk is hierdie seisoen is die jaar tot datum invoere vir die seisoen nog minder as wat die verwagtinge was. Die Turkse regering het onlangs aangekondig dat daar 300 000 ton se tariefvrye invoere van sonneblomsaad tussen Januarie en Junie 2019 ingevoer kan word. Dit sal help om die invoere van die sonneblomsaad in die volgende paar maande te versnel. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik onder druk gekom, maar het later die week weer ondersteuning gevind en het sterker gesluit vir die week. Daar is tans nog baie onsekerheid rakende die hoeveelheid sonneblomsaad wat plaaslike aangeplant is aangesien daar nog min aangeplant is met die seisoen wat so laat is.</p> <p>Kanola: Die verwagting vir die invoere van kanola en raapsaad na die Verenigde Emirate vir 2018 is dat dit behoort te daal na 'n 5 jaar laagtepunt van 760 000 ton met die grootste afname in die invoere wat vanaf Kanada gerapporteer was. Die amptelike statistiek wat reeds bekend is strek tot en met Junie 2018. Die amptelike syfers toon rekord invoere vir die eerste 6 maande van die jaar met meeste van die invoere wat vanaf Australië en die Oekraïne af plaasgevind het. Die verwagting is egter dat die invoere vir die res van die jaar aansienlik laer was en dus die verwagting vir die totale afname in die seisoen se invoere na die VAE. Plaaslik: In die plaaslike mark was die kanola produksie vir die seisoen redelik goed gewees en volgens die nuutste NOK skatting het die produksie vir die seisoen 103 950 ton bereik. Dit is egter afwaarts aangepas gewees tot en met hierdie syfers vanaf die vorige skatting wat die produksie op 115 500 ton geskat het.</p> <p>Grondbone: Die internasionale grondboonmark is tans vasgevang tussen daalende voorraad en 'n verswakking in die vraag na grondbone. Die produksie vir die seisoen word op 29.3 miljoen ton geskat vir die 2018/19 seisoen. Dit is 2.3 miljoen ton laer as die vorige seisoen se produksie met die grootste afname in die produksie wat die VSA, China en Indië gerapporteer word. In Argentinië is die verwagting ook dat die grondboon aanplantings aansienlik laer behoort te wees vir die seisoen met die oormaat reën en vloed toestande wat skade aan die produksie daar veroorsaak. In Brasilië het die produsente meer grondbone geplant. Die oppervlakte aangeplant in Brasilië het oor die afgelope 4 jaar ongeveer 36% groei getoon. Plaaslik: In die plaaslike mark is dit 'n baie moeilike seisoen vir die grondboonproduksie. Die weer was meestal ongunstig en dus is daar baie min hektare grondbone aangeplant hierdie seisoen.</p>										
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za										